FEBA SUID-AFRIKA

# MAANDELIKSE E-GEBEDSFOKUS



## JULIE 2025

**Dinsdag 1 Julie:** "Ek het gesukkel om God se stem te hoor in 'n moeilike tyd. Deur julle program, Ewige Lewe, het ek duidelikheid, vrede en 'n hernude verhouding met my God gevind. Dankie dat julle my op die regte pad gelei het." Prys God vir Sy genade en bid vir Sy voortdurende seën op hierdie luisteraar en FEBA Pakistan se Ewige Lewe-program.

**Woensdag 2 Julie:** "Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet, hy sê vir die Here: 'U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou" (Psalm 91:1-2 Afr83). Prys God vir Sy belofte om vir Sy kinders 'n vesting in moeilike tye te wees.

**Donderdag 3 Julie:** Bid vir Direkteur Shahzad van FEBA Pakistan, wat sy span in uitdagende omstandighede moet lei. Die span bid Psalm 91 saam voordat hulle die kantoor verlaat, want hulle weet hul fisiese veiligheid is nooit gewaarborg nie. Bid dat Direkteur Shahzad in God se liefde en krag geanker sal bly, en dat FEBA Pakistan goeie vrug onder sy leierskap sal dra.

**Vrydag 4 Julie:** Bid vir FEBA se span en luisteraars in Indië. Anti-Christen gevoelens neem toe in sekere dele van die land, met kwaadwillige video's op sosiale media wat geweld probeer ontlok. Bid vir God se beskerming oor Sy kinders en vir Sy vrede in mense se harte, sodat FEBA Sy Woord kan aanhou uitsaai totdat almal in Indië gehoor het.

**Saterdag & Sondag 5-6 Julie:** Prys God dat FEBA Soedan se fasiliteite suksesvol opgerig is! Deur Sy genade is die radiostasie, personeelverblyf en 'n 90-meter hoë toring in slegs drie maande voltooi. FEBA Soedan het 'n potensiële gehoor van sowat 4 miljoen – weens die aantal vlugtelinge in die gebied – maar die span benodig steeds toegewyde en kundige personeel om uitsendings te vervaardig. Bid dat die regte mense by FEBA Soedan sal aansluit en vra vir God se leiding waar hulle nou moet begin inhoud skep om Christus aan hul luisteraars te bring.

---

**Maandag 7 Julie:** Het jy geweet dat vandag Wêreld Kiswahili-dag is? Swahili word deur sowat 50 miljoen mense in sub-Sahara Afrika gepraat. Dis ook een van die agt tale waarin Victory FM, FEBA Mosambiek se nuwe stasie in Cuamba, uitsaai. Bid dat FEBA se uitsendings baie onbereikte Swahili-sprekers met God se Woord sal bereik.

**Dinsdag 8 Julie:** "Nadat ons die evangelie [deur Litala FM] gehoor het, het ons lewens verbeter. Die Here het vir ons gesê ons moet ander van Jesus begin vertel, toe stig ons 45 luisteraarklubs." Prys God vir die wyse waarop Hy deur FEBA Malawi se programme werk en bid Sy seën toe op hierdie luisteraarklubs.

**Woensdag 9 Julie:** "Aangesien julle dus Christus Jesus die Here aangeneem het, bly leef in Hom; in Hom is julle gewortel en in Hom word julle opgebou en versterk in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle oorvloedig is in dankbaarheid" (Kolossense 2:6-7 Afr20). Bid dat elke FEBA-luisteraar wat Christus aanneem, in geloof en dankbaarheid sal groei.

**Donderdag 10 Julie:** Bid vir FEBA Tsjad se direkteur, Ayata, en sy span. Hulle werk hard om die Goeie Nuus in N'Djamena se omgewing, waar Islam die oorheersende godsdiens is, te verkondig. Bid vir God se beskerming oor die radiostasie en personeel, en bid dat FEBA Tsjad se programme elke luisteraar na Hom toe sal bring.

**Vrydag 11 Julie:** KanuYah FM, FEBA se stasie in Mali, se gebedsprogramme het so 'n goeie reputasie dat selfs Moslems versoeke instuur! Siekes word genees en Moslems ontdek Christus as Verlosser. Bid dat God sal aanhou om M'Bimba, FEBA Mali se direkteur, en sy span as kragtige boodskappers van die Goeie Nuus te gebruik.

**Saterdag & Sondag 12-13 Julie:** Die Mien is 'n etniese minderheidsgroep wat verspreid in die berge van Suidoos-Asië woon. Hulle beoefen sjamanisme en elke dorp het 'n sjamaan wat as brug tussen die menslike- en geesteswêrelde dien. Wanneer dié sjamane Christus aanneem, word hulle en hul gesinne deur hul gemeenskappe verstoot. FEBA ELSEA (Ethnic Languages of Southeast Asia) reis gereeld om sulke luisteraars te besoek vir gebed en bemoediging. Bid dat elke Mien-sjamaan die Goeie Nuus deur FEBA ELSEA se uitsendings sal hoor en dit met hul gemeenskap sal deel.

---

**Maandag 14 Julie:** Daar is groot risiko aan verbonde om die evangelie met etniese minderheidsgroepe in die berge van Suidoos-Asië te deel. Baie dorpies weerstaan God se Woord. Bid vir FEBA ELSEA se direkteur, Nopp, en sy span se veiligheid wanneer hulle afgeleë gebiede besoek. Vra ook dat mense se harte voorbereid sal wees om die Goeie Nuus te ontvang.

**Dinsdag 15 Julie:** "Ek is 'n student en dis baie lekker wanneer ek ook kan evangeliseer. Hierdie opleiding het my help verstaan dat ek die vermoë het en toegerus is om die Goeie Nuus deur my sosiale media te verkondig." Prys God dat Hy FEBA Indonesië se opleiding gebruik om 'n nuwe geslag evangeliste op te rig.

**Woensdag 16 Julie:** "'Jy moenie sê: "Ek is te jonk" nie. Jy moet gaan na wie toe Ek jou ook al stuur, en alles wat Ek jou beveel om te sê, moet jy sê. Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou, Ek sal jou red'" (Jeremia 1:7-8 Afr83). Bid dat FEBA se jeugprogramme luisteraars sal aanspoor om die evangelie met hul portuurgroep te deel.

**Donderdag 17 Julie:** FEBA Thailand neem deel aan "Love Thailand 1-1-1", wat beoog om 1 miljoen Thai gelowiges, 10 000 kerke en 10 000 pastore teen 2028 in Thailand te hê. Dit vereis ernstige gebed. Bid vir God se seën op die "Love Thailand 1-1-1"-projek. Neem ook een minuut en bid vir een Thai-persoon om tot bekering te kom.

**Vrydag 18 Julie:** Op Mandela-dag gee mense terug aan die gemeenskap. Barmhartigheid is integraal tot die evangelie en vorm ook 'n kerndeel van FEBA se bediening, of dit deur gratis traumaberading of kos en klere vir armes is. Prys God vir Sy voorsiening en bid dat elke goedhartige daad in Sy naam mense na Hom toe sal trek.

**Saterdag & Sondag 19-20 Julie:** Die mense van Rusland en Oekraïne is fisies en emosioneel uitgeput deur die oorlog. Nietemin spoor dit hulle ook aan om Christus te soek. FEBA se spanne is altyd gereed om Hom met luisteraars te deel, want hulle weet dit is net Hy wat ewige vrede te midde van oorlog kan bring. Bid God se krag toe vir FEBA se spanne in Rusland en Oekraïne waar hulle voortgaan om in die geloof vrees te beveg, en bid God se genesing en vertroosting toe vir die personeel wat siekte of smart beleef.

---

**Maandag 21 Julie:** Bid vir Eduard Kurylenko, FEBA Oekraïne se direkteur. FEBA Oekraïne daag elke dag op om God se Woord te verkondig, ten spyte van persoonlike siekte, verlies, en vrees vir hul kinders en ander geliefdes se veiligheid – en Eduard stel die voorbeeld. Bid dat sy geloof, krag en moed daagliks hernu sal word.

**Dinsdag 22 Julie:** "Julle gebede help my om aan te hou lewe en vir my dogter te sorg. My vrou is 40 dae gelede oorlede," het Dmitry onlangs met FEBA Rusland se gebedsevangeliste gedeel. "Ek voel asof ek self nou deur daardie dal van doodskaduwee gaan." Bid vir Dmitry en ander wat verlore voel in hulle smart.

**Woensdag 23 Julie:** "Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my..." (Psalm 23:4 Afr53). Prys die God van alle bemoediging, wat beloof om ons hand te neem en in alle omstandighede te help.

**Donderdag 24 Julie:** FEBA Rusland se gebedsevangeliste praat daagliks met mense wat getraumatiseerd, ontnugter en in rou is. Dié mense kontak FEBA vir hulp wat hulle nêrens anders kan vind nie. Die werk kan belonend, maar ook dreinerend wees. Bid dat FEBA Rusland se gebedsevangeliste met God se krag en Gees gevul sal wees, sodat hulle nooit sal moeg word om goed te doen nie.

**Vrydag 25 Julie:** Kirgisië is grotendeels Moslem, maar mense wil meer van Jesus leer. Nou bied plaaslike kerke en Christen-organisasies somerprogramme aan en gebruik FEBA Kirgisië se hulpbronne om die Goeie Nuus met deelnemers te deel. Bid dat hierdie programme oorvloedig vrug sal dra en mense sal aanmoedig om Christus aan te neem.

**Saterdag & Sondag 26-27 Julie:** Dapper leierskap is noodsaaklik tot effektiewe evangelisasie. FEBA belê in sy toekomstige leiers deur middel van die Leierskap Akademie, wat hulle toerus om spanne te lei met die uitsending van die Goeie Nuus in verskillende kontekste, elkeen met sy eie uitdagings en geleenthede. Hierdie week vergader FEBA-direkteure en opkomende leiers in Kambodja vir opleiding. Bid dat deelnemers veilig sal arriveer en dat hierdie jaar se Leierskap Akademie dapper leiers na vore sal bring om FEBA se missie die toekoms in te dra.

---

**Maandag 28 Julie:** Bid vir FEBA Radio SA se nasionale direkteur, dr Jurie Vermeulen, wat hierdie week Kambodja toe reis vir die jaarlikse Leierskap Akademie. Hy sal opleiding bied in Paulus se leierskapsmodel. Bid vir God se beskerming op dr Jurie wanneer hy reis, asook vir Sy seën op die Leierskap Akademie.

**Dinsdag 29 Julie:** "Ek is God so dankbaar vir FEBA Filippyne op my radio … ek het al soveel geleer, en dit voel asof ek by julle is, veral wanneer julle so lekker lag. Soms, wanneer ek 'n vraag het, gebruik God julle programme om dit te antwoord." Prys God vir die geleentheid om Christus deur media na die wêreld te neem.

**Woensdag 30 Julie:** "Hy het my gestuur om 'n goeie boodskap te bring aan magteloses, om dié met gebroke harte se wonde te verbind, om dié wat weggevoer is se vrylating aan te kondig en bevryding vir dié wat geboei is..." (Jesaja 61:1 Afr20). Bid dat God FEBA sal gebruik om mense uit geestelike en fisiese gevangenskap te bevry.

**Donderdag 31** Julie: Bid vir die FEBA-leiers wat die Leierskap Akademie hierdie week in Kambodja bywoon. Of dit nou oorlog in Oekraïne of armoede in Mosambiek is, elke leier moet sy span in uitdagende omstandighede lei. Bid vir God se wysheid waar hulle hul opvolgers oplei om die leisels oor te neem en Christus aan die wêreld te bring deur media.





+27 12 335 5708 info@febaradio.co.za www.febaradio.co.za

+27 81 265 4801 FEBARadioSA feba_radio_sa